# LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-09-2016

Geagte Ouers en Leerder

## OMSENDBRIEF 31 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

**VOLKIES SE WAARDES IS:**

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **SEKURITEIT EN VEILIGHEID:**

Ouers ons vra u samewerking ten opsigte van die sekuriteit van ons skool.

* Graad R, 1 en 2 maats verdaag vanaf 13:00 by die Graad 1 parkie hek en V/d Westhuizenstraat se hekke.
* Graad 3 maats verdaag om 13:15 by bogenoemde hekke.
* Graad 4-7 maats verdaag vanaf 13:45 by al die ander hekke.

Rapporteer asb onmiddellik by die kantoor indien u 'n ongemagtigde persoon vermoed.

***Ouers moet asb seker maak dat u kinders naskool veilig vervoer word.***

2 **KOMMUNIKASIE**:

Ons verkies direkte kommunikasie. Selfone en Whatsapp veroorsaak misverstande en personeel mag nie reageer of kommunikeer op sms'e en whatsapp boodskappe nie.

3 **SKAAK:**

Geen skaakoefening vir die week nie.

4 **KRIEKET**:

Dinsdag - 1ste span - tuis teen Fonteine
Woensdag - 1ste span - weg by Dr Malan
Donderdag - 0/11A's - tuis teen Fonteine en 0/11B's - weg teen Fonteine
Super 8 - 0/11 Krieket in Klerksdorp

5 **GRAAD 1 - 2017:**

Op Woensdag, 14 September 2016 hou ons 'n Graad 1 - 2017 Inligtingsaand om 18:00 in die skoolsaal.

6 **INSKRYWINGS VIR GRAAD RR EN R - 2017:**

Ouers kan reeds bogenoemde maatjies kom inskryf vir 2017. Inskrywingsvorms is op die webblad (www.laervolkskool.co.za - onder ouergids, volkie admin, toelatingsvorms) of by die skool se Ontvangs beskikbaar. U kan die vorms terug e-pos na admin@laervolkskool.co.za. U sal in kennis gestel word van die Opedag.

7 **FOTODAG**:

*Elke leerder het reeds 'n bestelvorm ontvang met die inligting rakende die Individuele foto's.* Merk asb u bestelling duidelik en stuur die regte gelde saam skooltoe vir die registeronderwysers voor of op 19 September 2016.

Foto's word geneem vanaf 22 - 29 September 2016.

| **Donderdag** | **'22 September** | **Graad 6 klasfoto's +<br>Graad 6 Seuns Individuele foto's (a.g.v Avontuurkamp)** |
|---|---|---|
| Maandag | '26 September | Junior Individuele foto's |
| Dinsdag | '27 September | Senior Individuele foto's |
| | | Boetie en sussie foto's |
| Woensdag | '28 September | Junior en Senior Klasfoto's |
| Donderdag | '29 September | Sport en Kultuur foto's |

8 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD - DEEL 2:**

Kunsstukke moet ingehandig word op 30 September. Tema: Diere (enige medium)

9 **KOOR**:

Jeugkoor Oudisies vir die Oosrandse Jeugkoor (Gr 7) vind plaas op 14 September 2016 vanaf 15:00 - 16:00.

Plek: NG Kemptonkruin, Fiskaalstraat, Glen Marais.

Indien datum en tyd nie pas nie of enige anger navrae, skakel vir Michelle Schuman: 0826832289. Oosrandse Jeugkoor (Gr 8 - 12)

10 **ATLETIEK OEFENING IN DIE 4DE KWARTAAL:**

Baanitems - Oefening sal op 11 Oktober begin

Velditems - Oefening begin vanaf 17 Oktober

Hekkies - Al die leerders in Graad 3,4,5 en 6 (2017) - Daar sal elke Dinsdag, vanaf 12 September oefening vir julle wees by die Hoërskool se velde vanaf 16:00 - 17:00.

Vir enige navrae oor die oefeninge by die Hoërskool, kan julle vir Alida kontak, 0848122932.

11 **REVUE**:

Leerders moet asb hulle R150 inbetaal by die registeronderwysers voor die skool sluit op 30 September 2016.

12 **ATLETIEKBYEENKOMS DEUR HoëR VOLKSKOOL AANGEBIED:**

Al ons Klein Volkies word uitgenooi na die Volkie-atletiekbyeenkoms wat plaasvind op Vrydag, 23 September 2016. Die byeenkoms begin om 14:30 en sal ± 19:20 afgehandel wees. Leerders moet individueel inskryf teen R20 en mag aan 3 items deelneem. Inskrywingsvorms, program en byeenkoms inligting kan by Anet Coetzee (0827721728) verkry word.

13 **SNOEPIE**:
Ouers ondersteun asb die snoepie met aankope van koeldrank: 24 x 500ml Coke; Coke Zero; Sprite; Creme Soda @ R200. Energade @ R185; Lipton Ice Tea Slimcan Peach/Lemon @ R152. Bestel na skool by snoepie of kontak vir Cindy 0835503177.

14 **VOLKIE FOKUS NUUSBULLETIN:**
Ouers moet asb so gou as moontlik, voor of op 16 September 2016, hul kinders se buitemuurse inligting en foto's vir Heléne Botha aanstuur by helenebotha@laervolkskool.co.za .

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF